

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 114 van 2026

14 Oktober 2026

Geagte Ouers / Voogde

Hoërskool Randburg het 'n strategie bewerkstellig wat ons krieketaanbod weer op standaard sal bring. Realisties is hierdie nie 'n vinnige omkeerproses nie en verg dit harde werk en geduld om die krieket weer na vorige hoogtes te neem.

By 'n gebrek aan interne onderwyspersoneel en 'n uitgebreide begroting sal die volgende plan in werking tree.

Die stigting van 'n Hoërskool Randburg NPL – krieketakademie:

Mnr. Pieter Kalis sal aan die hoof van die akademie staan en voorsien die skool van kwaliteit afrigters asook vaardigheidsonwikkeling van ons eie spelers. Verder voorsien hy ook opgeleide instandhoudingspersoneel om met instandhouding van die nete , blaaie en binnenshuise fasiliteit behulpsaam te wees.

Afrigting en afrigters:

Skoolafrigting vind daaglik tussen 14:00 en 17:00 plaas (of soos deur afrigters bepaal word). Mnr. Zander Coetzer is in beheer van alle afrigting en oefeninge en sal saam met Pieter werk om 'n skedule uit te werk waarvolgens afrigting gaan plaasvind. Alle afrigters sal d.m.v. onderhoude aangestel word. Alle afrigters in diens van die NPL-akademie sal dan gratis gespesialiseerde afrigting tussen 14:00 en 17:00 tydens oefeninge doen. Dit sal in samewerking met die verkose afrigters per span geskied.

Privaat afrigting:

Spesialis-afrigters wat by die Randburg NPL-akademie betrokke is, het dan die geleentheid om vanaf 06:00 tot 14:00 en van 17:00 tot 21:30 privaat afrigting te doen teen tariewe wat deur Pieter Kalis vasgestel word. Randburg leerders moet by die akademie afgerig word teen 'n maksimum van R400 per sessie, óf soos met die ouers ooreengekom.

Organiseerder:

Mnr. Francois Vosloo sal as krieketorganiseerder optree en sal alle organisatoriese en administratiewe reëlings ten opsigte van wedstryde en algemene sake hanteer.

Ouerondersteuningskomitee:

Ons benodig ouers om ons te help om 'n ouerondersteuningskomitee te stig. Die doel van so komitee sal die volgende insluit:

- ✓ Soek van borge
- ✓ Hulp met etes en verversings tydens wedstryde
- ✓ Kommunikasie tussen ouers en skool
- ✓ Funksies
- ✓ Opdatering van 'n gedragskode vir spelers en ouers tydens wedstryde

Die ideaal is om twee ouers per span betrokke te kry wat as verteenwoordigers kan dien. Indien u beskikbaar is, kontak asseblief vir Mnr, Vosloo by francois.vosloo@hsrandburg.co.za.

Vir enige navrae i.v.m. die akademie of afrigting is u welkom om vir Pieter of Zander by die volgende e-pos adresse te kontak:

Pieter Kalis: pkalis@live.co.za

Zander Coetzer: zander.coetzer@hsrandburg.co.za

Ons vra ouers se geduld, begrip en ondersteuning in hierdie proses om Hoërskool Randburg weer een van die top krieketskole te maak.

Vriendelike Randjiegroete



F. Vosloo
Adjunk-hoof: Sport



P. Booysen
Skoolhoof